**HOËRSKOOL JOHAN JURGENS**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10**

**VRAESTEL 3**

**SEPTEMBER 2025**

**EKSAMINATOR: N. DUVENAGE** **TYDSDUUR: 2.5 UUR**

**MODERATOR: N. BRUWER** **TOTAAL: 100 PUNTE**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings
   Afdeling A: Opstel (50)
   Afdeling B: Langer transaksionele teks (30)
   Afdeling C: Korter trasaksionele teks (20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word. Vermy SMS-taal.
4. Begin **ELKE AFDELING** op 'n **NUWE** bladsy.
5. Trek 'n **KANTLYN** aan die **REGTERKANT** van elke bladsy.
6. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.
7. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
8. Beplan jou tyd so:
   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute
9. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
10. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.
11. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
12. Tel die woorde van die skryfstuk en skryf dit tussen hakies onderaan die skryfstuk neer.
13. Moet nie in potlood skryf nie. Gebruik slegs BLOU pen.
14. Skryf netjies en leesbaar!
15. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

## AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van **210 – 250** woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.
- By vraag 1.6, 1.7 of 1.8 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Die perfekte uithang plek saam my vriende. [50]

1.2 Vryheid van spraak het grense. [50]

1.3 Toe ek daardie geheim ontdek het… [50]

1.4 As ek 'n superkrag kon hê… [50]

1.5 Ek het nooit gedink dit sou met my gebeur nie… [50]

1.6



freeimages.com


[50]

1.7




(blogspot.com) [50]

1.8



(Liveinternet) [50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS
## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf **120 – 150** woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Gebruik die regte FORMAAT vir elke skryfstuk!

2.1 **VRIENDSKAPLIKE E-POS**

Skryf ‘n vriendskaplike E-POS aan jou beste vriend(in).
Vertel vir hom/haar van ‘n verrassingsvakansie wat jou familie beplan het.

Sluit die volgende in: waarheen julle gaan, wat julle daar gaan doen en hoe jy oor die vakansie voel. [30]

2.2 **FORMELE BRIEF**

Skryf ‘n FORMELE BRIEF aan die hoof van jou skool.
In jou brief moet jy kla oor die swak kwaliteit van die kos in die skoolkafeteria.

Sluit die volgende in: watter probleme jy en ander leerders met die kos ervaar, hoe dit die leerders se gesondheid en skooldag beïnvloed en gee voorstelle vir hoe die situasie verbeter kan word. [30]

2.3 **HULDEBLYK**

‘n Geliefde tannie van jou is onlangs skielik oorlede in ‘n motorongeluk. Jy was die tannie se gunsteling. Jou familie het vir jou gevra om die huldeblyk vir haar te doen.

Skryf nou die HULDEBLYK wat jy gaan lewer. [30]

2.4 **DIALOOG**

Twee vriende in jou klas baklei. Een vriend voel sport is belangriker as kultuuraktiwiteite. Die ander vriend stem nie saam nie.

Skryf nou ‘n DIALOOG tussen die twee vriende. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS**
**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf **80 – 100** woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Gebruik die regte FORMAAT vir elke onderwerp!

3.1 **STROOIBILJET**

Julle skool se aantal leerders is vining besig om minder te raak enjulle skool het besluit om die skool aggresief te bemark deur die publiek te vertel van julle skool.

Julle het besluit om STROOIBILJETTE in die gemeenskap te versprei. [20]

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Om te wag vir jou 16$^{de}$ verjaarsdagpartytjie! Jou ouers het besluit om jou vir die eerste keer met 'n partytjie te bederf.

Maak die volgende DAGBOEKINSKRYWING vir TWEE dae:

- Jou gevoelens en gedagtes die dag VOOR die partytjie.
- Jou gevoelens en gedagtes die dag NA die partytjie. [20]

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy is die hoofseun/hoofdogter van jou skool. Jy praat met die nuwe grad 8 leerders in julle skool.

Gee SEWE INSTRUKSIES aan die graad 8 leerders oor hoe hulle die eerste jaar op hoërskool maklik en aangenaam kan maak. [20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**